

12 Maart 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 6

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk  
Die Hervormer  
e-Hervormer

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:  
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Seisoene van luister

**Die ringsdiakensvergaderings het reeds begin. Dié vergaderings behoort geleentede te wees waar werklik na mekaar geluister word, en waar diakens as ware versorgers kan intree vir lidmate in nood.**

Ons besef daagliks dat daar mense in ons onmiddellike omgewing is wat met intense innerlike pyn saamleef wat gewoonlik ongemerk by ons verbygaan. Baie van ons lidmate voer 'n innerlike stryd wat hulle nie in woorde kan omsit nie. Hierdie lidmate vereensaam, al woon hulle eredienste by en neem hulle deel aan ander kerklike aktiwiteite. Die grootste pyn wat 'n mens kan ervaar, is wanneer jou innerlike worstelstryd deur ander geïgnoreer word bloot omdat daar nie tyd in 'n bedrywige dag is om tot stilstand te kom en met opregte belangstelling kennis te neem van die mense rondom ons nie. Ons gejaagde lewe veroorsaak dat ons almal net kennis van mekaar word en nie meer naastes vir mekaar is nie. Dink aan die pyn van verwerping wat sommige bejaardes ervaar as hulle nie saam met hulle tydgenote kan kuier nie omdat hulle weens hulle armoedige bestaan of verswakte liggaam net nooit saamgenooi word nie.

Dink aan eensame tieners wat elke keer met opgewondenheid uitsien na 'n besoek van hulle ouers, net om later met groot hartseer êrens in 'n kamertjie alleen deur die nag te moet worstel. Nog 'n verwagting wat op niks uitgeloop het.

Dink aan klein kindertjies wat die nag met vrees af wag omdat iemand met wie hulle 'n "spesiale" geheim deel hulle weer baie seer gaan maak. Nog 'n vertrouwe wat in wanhoop en seerkry eindig.

Daar is baie verhale van seerkry wat nooit vertel word nie omdat daar niemand is wat bereid is om tot stilstand te kom en te luister nie. Mag die ringsdiakensvergaderings van 2009 vergaderings van luister word. Vergaderings waar diakens met begrip en deernis sal luister na die verhale van seerkry wat ontvou uit die verslae wat voor die vergaderings dien. Mag die vergaderings nie net 'n samekoms word waarin ons gevoelloos en op 'n afstand kennis neem van die nood van ons mense nie. Dat ons nie net vir mekaar sal bid nie, maar mekaar ook sal bemoedig met woord en daad. Mag die ringsdiakensvergaderings van 2009 vergaderings word waar ons betrokke sal raak by die nood van ons mense, omdat ons deur die onverganklike liefde van Jesus Christus daartoe gedring word.

Mag die ringsdiakensvergaderings van 2009 'n seisoen van luister inlui waarin die stilswye verbreek sal word oor die lotgevalle van ons lidmate. Mag die diakens die stem word van diegene wat nie meer kan praat nie. Mag hulle die versorgers word van dié wat nie meer kan sorg nie.

*Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is.*

**Dr Wilhelm Coetzer**  
**Sekretaris: Kommissie van die**  
**Algemene Diakensvergadering (ADV)**



## BEROEPE EN STANDPLASE



Ds Attie Hattingh

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroep ontvang

- **Ds Attie Hattingh** van Bothaville na Vaalharts.

### Beroep aanvaar

- **Ds Rika van Staden** (beroepafwagend) na Welkom.
- **Ds André Thomas** van Welgelegen-Pietersburg na Oos-Moot in Pretoria.



Ds Rika van Staden



Ds André Thomas

### Vakante standplase

- **Gemeente Pretoria-Oos** wag aansoeke in om hul vakante **volsorgstandplaas** te vul. Die suksesvolle kandidaat sal oor ongeveer 15 jaar ervaring in die bediening beskik. Kandidate moet bereid wees om 'n erediens in die gemeente te lei en 'n gesprek met die beroepskomitee te voer. Aansoeke met 'n volledige CV moet die skriba **voor of op 15 Maart 2009** bereik by Posbus 36318, Menlopark 0102, of elektronies by [ptaoos@nhk.co.za](mailto:ptaoos@nhk.co.za). Die Kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Navrae kan gerig word aan oudl Tom Moodie (voorsitter: ouderlingevergadering) by 082 553 8765, of oudl Roelf Coertze (skriba) by 082 908 3368.
- **Gemeente Oudtshoorn** beskik oor 'n vakante **deelydse standplaas**. Predikante en emeriti wat graag daar wil werk, kan die skriba, Antoinette Olivier, kontak by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Piet van Zyl** van Ermelo se moeder is Sondag 8 Maart in die ouderdom van 82 oorlede. Sy word Maandag 16 Maart vanuit die kerkgebou in Schoemansville begrawe. Meegevoel word met die Van Zyl-familie betuig.
- **Ds Frans Ras** van Eendracht se skoonmoeder is oorlede. Meegevoel word met die familie betuig.



### Toelating tot die evangeliebediening

Op Donderdag 5 Maart is vyf teologiesekandidate toegelaat tot die evangeliebediening. Hulle is Jan Claassen, Lorret de Leeuw, Willem Dykema, Marna Naudé en Guillaume Rocher. Die geleentheid het soos gewoonlik in die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria plaasgevind. Prof Chris de Beer, viserektor van die Universiteit van Pretoria (UP), en prof Cas Vos, dekaan van die Fakulteit Teologie, was onder die gaste.

Die erediens is gelei deur dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Die Skriflesing was uit Openbaring 2: 1-7. In die prediking het hy daarop gewys hoe belangrik dit is dat daar in die kerk balans moet wees tussen die vashou aan die waarheid (belydenis) en liefde vir Christus (lewe). Nadat die kandidate die Proponentsondertekeningformule onderteken het en hulleself van harte bereid tot die evangeliebediening verklaar het, is hulle deur die voorsitter van die Kommissie van die AKV beroepbaar gestel. Prop Lorret de Leeuw het versoek om nie onmiddellik beroepbaar gestel te word





nie. Gelukwense is aan die proponente oorgedra deur prof Theuns Dreyer namens die Kommissie van die AKV, dr Johan Otto namens die Kuratorium, en prof Johan Buitendag namens die Fakulteit Teologie. Prof Buitendag het ook die prys vir die beste skripsie in Dogmatiek aan Marna Naudé oorhandig.

Die volgende proponente is dus nou beroepbaar in die Kerk:

- Willem Dykema 082 560 4772
- Marna Naudé 078 639 1278
- Guillaume Rocher 079 882 5293
- Jan Claassen 084 400 5137



- Die aansoek om hertoelating tot die evangeliebediening van **Werner Olivier**, voormalige predikant van die Kerk, is verder hanteer. Die Proponentseksamenkommissie is versoek om sy teologiese kennis te toets.
- Die Kommissie van die AKV het op 5 Maart die aansoeke om aanvaarding van vervroegde emeritaat van **di Casper Steenkamp** van Gemeente Mafeking en **Buddie Dupper** van die kombinasie Bloemhof/Christiana goedgekeur.
- Op versoek van **prop Ernst Wolff** het die Kommissie van die AKV op 5 Maart sy proponentsvoorreg opgehef. Hy het reeds 'n doktorsgraad in die filosofie behaal en het onder meer besluit om hom in dié studiegebied te verdiep.
- Die Kommissie van die AKV het die aansoek om beroepbaarstelling van **dr Hendrik Breytenbach**, voormalige predikant van Gemeente Wonderboom-Suid, goedgekeur. Hy het voortydig geëmeriteer, maar besluit om weer voltyds tot die bediening terug te keer. Dr Breytenbach kan gekontak word by 012 711 0858.
- Die Kommissie van die AKV het toestemming verleen dat **ds Theuns Botha**, emerituspredikant, tydelik in Gemeente Postmasburg en die omliggende gemeentes mag help met eredienste. Ds Johann Mouton het nie die beroep aanvaar na die kombinasie nie, en die Kombinasiekommissie sal dus sy beroepswerksaamhede hervat.
- Die Kommissie van die AKV het aan Gemeente Pretoria-Oos toestemming verleen om tydelik van die dienste van **prof Piet Geysler**, wat vroeër vanjaar geëmeriteer het, gebruik te maak om pastorale werk te verrig totdat die gemeente weer 'n predikant bekom. Die Beroepskommissie is besig met die beroep.
- **Ds Milankie van der Walt**, wat vir geruime tyd met studieverlof was, werk weer in die ring van Dorsland. Sy lewer veral insette by Gemeente Namib-Suid, en beplan om haar dienste uit te brei na die lidmate van Rosh Pinah in Namibië. Dr Malan Storm besoek vanjaar as Kommissielid die ringsvergadering, en hulle sal veral aandag gee aan die bediening van die verafgeleë gemeentes.
- **Prop André Harmzen en ds Maryka Potgieter** raak al hoe meer betrokke by die werksaamhede van die gemeentes in Londen. Die gemeentes word bearbei deur predikante van die NG Kerk, maar lidmate van verskillende kerke uit Suid-Afrika vorm deel van die gemeente en dien ook in die kerkraad. Prof Ernest van Eck het onlangs die gemeentes besoek en met die predikante gesprek gevoer.
- **Dr Malan Storm**, skriba van die Kommissie van die AKV en predikant van Gemeente Meyerspark, besoek oor die naweek van 14 en 15 Maart die lidmate van die Kerk in Bulawayo. Drie lidmate van die gemeente vergesel hom. Gemeente Meyerspark is besonder betrokke by die versorging van die lidmate in Zimbabwe.



Ds Casper Steenkamp

Ds Buddie Dupper



Dr Hendrik Breytenbach

Ds Theuns Botha



Prof Piet Geysler



Ds Maryka Potgieter





Dr Malan Storm

- **Ds Fanie Naudé** van Gemeente Theresapark tree aan die einde van Februarie 2010 af. Hy het teologieboeke om goedkoop van die hand te sit en sal sommige selfs weggee. Daar is onder andere uitgawes van die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* vanaf Jaargang 11. Skakel hom by 012 542 1321 of 083 391 3151.
- **Ds Roelf Coertze** van Gemeente Montana se e-posadres het verander. Dit is nou [roelfcoertze@vodamail.co.za](mailto:roelfcoertze@vodamail.co.za). Verander asseblief die inligting op bladsy 99 van die *Almanak*.
- Die besonderhede van **ds JJ du Toit** (emerituspredikant) het verander. Voeg asseblief die volgende nuwe inligting in op bladsy 37 van die *Almanak*: Posbus 60414, Karenpark 0118, tel 012 549 2225, e-posadres [dingaandutoit@absamail.co.za](mailto:dingaandutoit@absamail.co.za). Die selfoonnommer bly dieselfde.



### • Legitimasië van MRCC-studente

Vyf van die ses studente wat verlede jaar hulle studies aan die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) voltooi het, is op Sondag 8 Maart gelegitimeer en beroepbaar gestel as proponente van die MRCC. Die plegtigheid het onder groot belangstelling in die MRCC-gemeente Saulsville plaasgevind. Ds Joseph Motloba, die hoof-uitvoerende beambte van die MRCC, het die NHKA, AIM en UP bedank vir die geleentheid wat ons aan hulle studente bied om 'n uitstekende akademiese opleiding te ontvang. Hy het gesê dat dit 'n droom is wat werklikheid geword het, dat mense wat nie universiteitstoelating het nie, binne vyf jaar kan afstudeer met BA(Hons) van UP.



Prof Natie van Wyk, direkteur van AIM, het namens die NHKA gelukwensing aan die kandidate, mej N Sigwili, mnre P Dingaen, M Mahlatsi, T Phangwa en T Ncgobo, en die MRCC oorgedra. Die NHKA is verheug oor die groei en ontwikkeling in die MRCC. In die gemeente Saulsville is daar byvoorbeeld tans reeds 800 belydende lidmate.

Die wedersydse erkentlikheid, hartlikheid en broederlikheid wat die dag gekenmerk het, is 'n ligpunt in ons ekumeniese betrekkinge. Lidmate word dus opgeroep om by die sendingwerk van ons Kerk betrokke te raak. Belangstellendes kan prof Van Wyk (082 448 4759), dr Wim Dreyer (012 322 8885) of ds Motloba (012 3228885) skakel vir meer inligting.

- Die volgende **predikante verjaar tussen 12 en 18 Maart** en word van harte gelukgewens:
  - 12 Maart: Ds Jaco Dreyer
  - 13 Maart: Ds Rudi Rust
  - 16 Maart: Di Gerrie Botha en Arie Kuyper



- 17 Maart: Dr Daan van Wyk (sr)
- 18 Maart: Di Pieter Furstenburg, Robby Pienaar en emerituspredikant Piet van Staden van Witrivier.

- Die Kommissie van die AKV het op 5 Maart die aansoeke van die volgende gemeentes om **uitstel van beroepswerksaamhede** vir 'n verdere drie maande goedgekeur:

- Joachim Prinsloo
- Noordrand
- Primrose-Oos
- Dendron/Vivo
- Westonaria



- **Predikantepensioen- en Weduwee- en Wesefonds**

Die Bestuursraad van die Predikantepensioen- en Weduwee- en Wesefonds het Absa Konsultante en Aktuarisse versoek om lede van die Pensioenfonds vroeër gedurende hul werkstydperk in te lig oor beplanning vir aftrede, om hulle in staat te stel om hul posisie na aftrede te verbeter. 'n **Aftreeseminaar** word daarom gehou op **Vrydag 15 Mei 2009**. Dit sal plaasvind by die Sinodale Kerkkantoor in die Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat, Pretoria, en lede van die Personeelpensioenfonds kan dit ook bywoon.

Daar sal twee sessies wees:

- **09:00 tot 11:00**

Die sessie is vir lede 10 jaar en korter voor aftrede. Die voordele tydens aftrede sal bespreek word, asook opsies ten opsigte van bestaande versekeringsprodukte. Boedelbeplanning en testamente sal ook deel vorm van die bespreking.

- **11:00 tot 13:00**

Die sessie is gemik op lede van die Pensioenfonds wat nog 'n geruime tyd oor het voor die normale aftreeouderdom om beter te beplan vir aftrede.

Die volgende aspekte sal bespreek word:

- Die waarde van vroegtydige aftreebeplanning.
- Voorafbefondsing van medies.
- Boedelbeplanning en testamente.
- Implikasie van belasting op aftreevoordele.
- Voldoende voorsiening vir sterfte- en ongeskiktheidsvoordele voor aftrede.
- Alternatiewe metodes vir aanvulling van bestaande aftreevoorsiening.

Navrae kan gerig word aan mnr Piet Beukes of mej Rona Barnard by 012 322 8885.



- Die Kommissie van die AKV het die aansoek van **Gemeente Alberton** om die skep van 'n tweede standplaas met deelydse versorging goedgekeur. Die huidige predikant, ds Pieter Viljoen, werk reeds 23 jaar lank in die gemeente. Die predikant wat beroep sal word, sal veral behulpsaam wees met jeugwerk en eredienste.
- Na die vertrek van dr Barry van Wyk uit Gemeente Springs, het die Ringskommissie besluit om saam met die vier gemeentes met deelydse standplase, naamlik **Springs, Springs-Noord, Zesfontein en Sundra**, strategiese beplanning te doen met die oog op moontlike samesmeltings of kombinasies.

“ In die *e-Hervormer* van 5 Maart het ek met groot waardering die gesamentlike verklaring van die drie susterkerke gelees. Dit is asof 'n mens plek-plek prof Theuns Dreyer hoor praat! Sou dit nie wenslik wees dat ons predikante in presies dieselfde lig iets van die kansels af sê nie? Dit voel dikwels asof hulle so onbetrokke by politiek is dat hulle nie eens weet ons is op die vooraand van 'n belangrike verkiesing nie. Daar is immers 'n verskil tussen apolities en apaties wees. Ek aanvaar 'n predikant behoort hom nie vir of teen 'n spesifieke party uit te spreek nie, maar in baie gemeentes dra dit nog swaar gewig as Dominee gesê het ons moet gaan stem. Dankie vir die weeklikse puik *e-Hervormer*. ”

Anza van Vuuren, Tzaneen



Dr Gerrie Bloem

- **Gemeente Vrededorf** vier oor die naweek van 16 en 17 Mei sy 50ste bestaansjaar. Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, sal die Nagmaalerediens lei en groete en gelukwense aan die gemeente oordra. Dr Gerrie Bloem, emerituspredikant wat op Stilfontein woon, help tans tydelik as pastorale hulp in die gemeente.



- **Moeilike finansiële besluite geneem**

Die Raad van Finansies, die Kommissie van die AKV, en rolspelers het op 20 Februarie die eerste van 'n beplande reeks werkwinkels gehou. Nadat die 2009/2010 begroting ontleed is, het die span 'n gewilligheid om te bespaar gedemonstreer. 'n Bedrag van R655 706 is bespaar ten opsigte van die volgende:

- Salarisverhogings vir 2009/2010 is ingeperk na 8% (in plaas van 10%).
- Besparing van 10% ten opsigte van rade en komitees van die Kommissie van die AKV.
- Besparing ten opsigte van onderhoud van die geboue.
- Kwytstelling van die renteverlies ten opsigte van die belegging in studente (aspirantpredikante).

Vanweë die vermindering in lidmaattal oor jare heen, was die effek op die heffing al hoe meer drasties. Die koste vir die 2009/2010 begrotingsjaar het teen 8,96% gestyg, en die heffingsverhoging, na inagneming van die verminderde lidmaattal, was veel hoër, naamlik 12,32%. Hieroor was daar heelwat kritiek. Die oorspronklike begroting van **R237** per lidmaat per jaar word nou, met die bykomende besparings, verminder na **R231**.

Ander sake wat hanteer is, is 'n hernude ondersoek na 'n alternatiewe heffingstelsel, besparing ten opsigte van die HTS wat nou aanlyn beskikbaar word, AIM-opleiding te Klipdrift wat nagegaan word vir besparing op die lang termyn, en 'n realistiese opgawe van die lidmate van die Kerk. Daar word ook gekyk na die herstrukturering van Sinodale strukture en moontlike samevoeging van funksies, herstrukturering van rade van die Kommissie van die AKV, en vergaderings by wyse van telefoonkonferensies.



## Brugpredikante

In tye van vakantskap versoek veral gemeentes wat nie meer 'n volversorgde standplaas kan bekostig nie, die dienste van 'n brugpredikant. 'n Brugpredikant is egter nie bedoel om gewone pastorale werk in 'n gemeente te doen nie. Daarvoor kan 'n aflosdominee vir 'n tyd lank in die gemeente werk, of die gemeente se konsulent kan dit doen. Gewone pastorale werk behels eredienste lei, sakramente bedien, huisbesoek doen, begrafnisse hou, huwelike bevestig, vergaderings lei, ensovoorts.

'n Brugpredikant se fokus en funksie is anders. Dit fokus op spesifieke probleme in 'n gemeente, en impliseer dat iemand wat as brugpredikant kwalifiseer, goed opgelei moet wees om spesifieke probleme te hanteer. 'n Brugpredikant werk ook slegs vir 'n vasgestelde tyd in 'n gemeente – hy/sy het 'n aanvangsdatum en 'n vertrekdatum wat vooraf ooreengekom word.

Daar word gereeld kursusse aangebied om dienende en geëmeriteerde predikante toe te rus in die teorieë en vaardighede wat spesifiek van brugpredikante verlang word. Die kursusse word by UP aangebied. Van 16 tot 19 Maart vind die Afrikaanse kursus plaas. Belangstellendes kan bespreek by Suki van Jaarsveld by 012 420 4951/2, of per e-pos by [malan.nel@up.ac.za](mailto:malan.nel@up.ac.za).

“ Langs hierdie weg wil ek ds Arno Nieuwhof hartlik verwelkom in sy nuwe gemeentes. Ek hoop hy sal 'n lang en gelukkige verblyf hier hê. Na aanleiding van die berig oor die inhuldiging van ds Rudi Schoeman en die predikante wat dit bygewoon het, moet ek vra: Waarom was die ring van Bronkhorstspruit nie daar verteenwoordig nie? ”

Nick Van Niekerk

\*\*\* 'n Bespreking oor brugpredikante is by die Gespreksforum op die Kerk se webblad geplaas. Besoek <http://www.nhk.co.za/forums/nhk/viewtopic.php?t=52> om aan die gesprek deel te neem.

## ANDER NUUS



Mev Brenda Potgieter

- **Mev Brenda Potgieter**, wat vir byna 39 jaar die skakelbord by die Kerkkantoor behartig het en aan die einde van 2005 afgetree het, is op 10 Maart oorlede nadat sy in Februarie 'n hartaanval en daarna 'n hartomleiding gehad het. Sy was 68 jaar oud. Die begrafnis is op Donderdag 12 Maart om 14:00 uit die NG gemeente Rietfontein-Noord.
- Die **Komitee vir Presbiteraat**, wat hom hoofsaaklik met die werk van die ouderlinge besighou, het besluit om 'n werkwinkel aan te bied om aandag te gee aan probleme wat rondom die werk van die ouderling bestaan. Meer besonderhede sal later bekendgemaak word.
- Die Kommissie van die AKV oordeel dat die tyd aangebreek het om **skrywes vanuit die kantoor van die skriba en die administrateur** net elektronies aan gemeentes en predikante te stuur. Predikante en gemeenteskribas sal 'n brief daarvoor ontvang. Kerkrade en predikante wat nie oor die nodige fasiliteite beskik nie, sal steeds gewone pos ontvang. 'n Versoek daarvoor sal egter met die voltooiing van 'n vraelys gerig moet word.
- Die Ondersteuningsraad loods 'n **nasionale fotografiekompetiesie** met betrekking tot Kinderbeskermingsweek (25 tot 31 Mei 2009). Daar is drie kategorieë, wat laerskoolkinders, hoërskoolkinders en volwassenes insluit. Kontantpryse kan gewen word en enigeen is welkom om in te skryf. Vir meer besonderhede kan Charmaine Fourie by 012 322 8885 of [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za) gekontak word.

Die Ondersteuningsraad benodig steeds 'n **matras vir 'n enkelbed vir 'n gesin**. Kontak mev Mariaan Steenkamp by 012 322 8885 of [mariaans@nhk.co.za](mailto:mariaans@nhk.co.za) indien u kan help.



- **to care** het kaartjies beskikbaar vir die vertoning *Klassieke Chameleon* in Carnival City se Big Top Arena op Vrydag 17 April om 20:00. Sien Chris Chameleon soos nooit tevore! Betaal **R140 vir 'n R170 sitplek!** Die aanbod is ten bate van die **to care foundation**.
- Gemeentes word opnuut versoek om **nie voor 23 Maart** enige argiefstukke na die Argief te bring nie. Skakel asseblief met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 voordat u die Argief besoek.
- Die **Wêreldwye Dag van Gebed** is op 21 Maart 2001 gebore toe 45 000 Christene op Nuweland Rugbystadion bymekaargekom het om vir God se seën oor Kaapstad te bid. Hierdie vonkie het 'n onblusbare vuur van gebed aangesteek wat deur die kontinent en tot aan die uithoeke van die aarde versprei het. Verlede jaar het Christene in 214 lande gebid en 'n keuse gemaak om lewende instrumente van verandering te word. Vanjaar word die volgende inisiatiewe beplan:

- 21-30 Mei 2009: 10 dae van Dag- en Nag-gebed.
- 31 Mei 2009: Wêreldwye Dag van Verootmoediging en Gebed.
- 1 Junie – 29 Augustus 2009: 90 Dae van Seën.

Vir meer inligting, besoek [www.globaldayofprayer.com](http://www.globaldayofprayer.com).

THE  
GLOBAL  
DAY OF PRAYER





## Die gesprek met WARC

In opdrag van die AKV het die Kommissie van die AKV op Vrydag 6 Maart gesprek gevoer met 'n afvaardiging van die World Alliance of Reformed Churches (WARC). Die AKV het dit in 2007 aan die Kommissie opgedra om studie te doen oor verhoudinge met ekumeniese liggame (waaronder WARC), en om met WARC te praat oor die voorwaardes vir hertoelating tot dié ekumeniese liggaam. In die gesprek is onder meer aandag gegee aan die definisie van apartheid, juis omdat WARC van die AKV 'n verklaring vra wat apartheid binne die konteks van die kerk en die politiek ondubbelsinnig veroordeel, voordat ons Kerk weer lid van die organisasie kan word. Op die Gespreksforum van die Kerk se webblad is 'n kort verslag deur dr Daan van Wyk (jr) oor die gesprek (<http://www.nhk.co.za/forums/nhk/viewtopic.php?t=53>), en ook 'n verklaring wat deur 'n aantal van ons kerk se teoloë uitgereik is (<http://www.nhk.co.za/forums/nhk/viewtopic.php?t=54&sid=e02da5234f168d40d6b08dc0f7dc63c1>). Lesers is welkom om op die Gespreksforum in te teken en daar op die dokumente kommentaar te lewer. Daar word in die April-uitgawe van *Die Hervormer* meer volledig oor hierdie gesprek berig.

## AGTERBLAD

### Kuratorium 100 jaar

**Lede van die Kommissie van die AKV en van die Kuratorium, vorige voorsitters van die Kuratorium, die huidige teologiese dosente en emeritusdosente, en die finalejaarstudente van 2008 het op Donderdag 5 Maart saam middagete geniet. Die geleentheid was ter viering van die 100-jarige bestaan van die Kuratorium.**

Ds Gert Roos, die oudste lewende voorsitter van die Kuratorium, het 'n dankgebed gedoen. Prof Bart Oberholzer het interessante feite uit die geskiedenis van die Kuratorium met die gaste gedeel. Hy is besig om in opdrag van die Kuratorium 'n bundel saam te stel waarin hy 'n oorsig gee oor die geskiedenis van die Kuratorium. Die Kuratorium beplan verder om op Sondag 30 Augustus 2009 dankdienste te hou waartydens die bestaan van die Kuratorium en die teologiese opleiding in die Kerk herdenk sal word.

